

# 13

## **DIE VERLORE SKAAP** Kinders is belangrik vir God

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat ons vir God belangrik is omdat Hy ons liefhet en vir ons omgee.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- dat ons vir God belangrik is.
- wat God vir ons doen omdat Hy vir ons omgee.

#### **Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees –

- omdat God ons altyd kom soek as ons afdwaal.
- dat God nie wil hê ons moet wegdwaal van Hom af nie.

#### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- die gelykenis van die verlore skaap kan oorvertel.
- weet hulle is vir God belangrik.
- weet wat God alles vir ons doen.
- dankbaar wees en veilig voel omdat God ons altyd kom soek as ons afdwaal.

### **MEER INLIGTING (Lukas 15: 1-7)**

Party mense het geluister na wat Jesus gepreek het. Ander was weer vir Hom kwaad omdat Hy nie net vir belangrike mense gepreek het nie, maar vir almal wat na Hom wou luister. Alle mense is vir Jesus ewe belangrik. Om vir mense te verduidelik dat **almal** vir God belangrik is en dat

God vir **almal** lief is, nie net vir party mense nie, vertel Jesus vir hulle 'n gelykenis. 'n Gelykenis is 'n verhaal wat hulle maklik kon verstaan. Hierdie gelykenis gaan oor 'n skaapwagter en sy skape. Met hierdie gelykenis wil Jesus vir die mense sê dat God oor sy kinders voel en vir hulle sorg net soos wat hierdie skaapwagter oor sy skape voel en vir hulle sorg.

'n Skaapwagter het honderd skape gehad. Hy het hulle altyd in die veld opgepas. Op 'n dag het een van die skape weggeraak. Dit was baie hartseer. Hy was so lief vir hierdie een skaap wat weg was! Daarom los hy die baie skape wat veilig was, en hy gaan soek die een skaap wat weg is.

Hy sê nie: *Ek het nog baie skape oor, ek gee nie om vir die een wat weg is nie.* Nee! Hy gaan soek die een skaap wat weg was, omdat hierdie skaap vir hom belangrik is en hy lief is vir al sy skape. Hy wil nie hê dat **een** van sy skape moet wegraak nie.

As die skaapwagter hierdie een skaap wat weg was kry, is hy so bly dat hy hom optel en terugdra huis toe. Hy was so bly dat hy hierdie skaap wat weg was gekry het dat hy almal roep en vir hulle sê: *Kom kyk, ek het my skaap wat weg was, gekry! Julle moet saam met my bly wees dat ek hom teruggekry het en dat hy nie vir altyd weg is nie.* Die skaapwagter het moeite gedoen om agter die skaap aan te gaan en hom te soek omdat hierdie skaap vir hom belangrik is.

Dit gebeur partykeer dat ons ongehoorsaam is aan ons ouers en ander mense. Ons doen nie wat hulle van ons vra nie en ons luister nie as hulle praat nie. As ons ongehoorsaam is aan ons ouers en die mense wat ons versorg, beteken dit ons is ook ongehoorsaam aan die Here.

Jy moet weet dat wanneer Pappa of Mamma jou waarsku, dit nie is omdat hulle nie vir jou lief is nie, maar omdat hulle nie wil hê jy moet soos hierdie skaap waarvan Jesus vertel, wegraak of verdwaal en seerkry nie. Omdat die Here vir jou lief is en omdat jy vir Hom belangrik is, moet jy weet dat Hy ook pappas, mammas en ander mense gebruik om te keer dat jy stout dinge doen. Stout dinge stel 'n mens in gevaar. Die Here wil altyd hê dat jy veilig moet wees. Jou ouers moet daarom sorg dat jy veilig is. Daarom waarsku hulle jou.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- 'n Buisie gom soos Pritt.
- 'n Watterbolletjie vir elke kind.
- 'n Swart pen.
- Kleurpotlode.

## **KOM ONS BEGIN**

Lees Gesang 544: 2.

*Soos die skape in die weiveld  
veilig by hul herder bly,  
sorg die Heer, die goeie Herder,  
in sy liefde ook vir my.*

## **HET HULLE ONTHOU?**

Al die opdragte is reeds afgehandel met verlede week se hersiening.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Weet jy dat die Here baie lief is vir jou? Brei uit en vertel van alles wat die Here aan ons voorsien. Die son skyn, ons het lug om in te asem, ons het pappas en/of mammas en ander mense wat vir ons omgee, ensovoorts. Maak voorsiening vir die verskeidenheid huisgesinne wat in jou klas is as jy na die ouers begin verwys.

### **IETS INTERESSANT**


Vertel die gelykenis soos in MEER INLIGTING hierbo.

### **IETS BELANGRIK**

Dit gebeur partykeer dat ons ongehoorsaam is aan ons ouers. Ons doen nie wat hulle van ons vra nie. Ons luister nie na hulle nie. As ons ongehoorsaam is by die huis of by die skool, beteken dit dat ons ook nie aan die Here gehoorsaam is nie.

Jy moet weet dat wanneer Pappa of Mamma (jou oom en tannie of jou ouma en oupa, of die mense by wie jy bly) jou probeer reghelp of waarsku, dit nie is omdat hulle nie vir jou lief is nie, maar omdat hulle nie wil hê dat jy soos hierdie skaap waarvan Jesus vertel, moet weggraak en verdwaal en dalk seerkry nie. Omdat die Here vir jou lief is en omdat jy vir Hom belangrik is, gebruik Hy ook pappas en mammas of ander mense om jou op te pas en te versorg sodat jy veilig kan wees.

### **IETS OM TE DOEN**



Laat die kinders die skapie in hul boeke wat hulle herinner aan die een wat weggeraak het, met 'n swart pen natrek. Help hulle om die hele lyf eers met gom te smeer voor hulle met die watte begin. Wys hulle hoe om die watte in 'n bolletjie in hul hande te hou en dit op die gom te druk-druk. Daar sal fyn stukkie watte afskeur en op die gom vassit – dit is die skaap se wol.

### **BY DIE HUIS**

- Laat hulle by die huis hul prente gaan klaarmaak en vir hul huismense vertel wat gebeur het met die skaap wat in die gelykenis afgedwaal het.
- Laat hulle vir Pappa en Mamma (hul oom en tannie, oupa en ouma of hul versorger) dankie gaan sê omdat hulle so mooi na hulle kyk.
- Laat hulle dié woorde leer: *Die Heer, my herder, sorg vir my.*

### **AFSLUITING**

Laat die kinders Gesang 577: 1 agter jou aan opsê. Sluit af met gebed.

*Die Heer, my herder, sorg vir my.  
Hy laat my rustig wei;  
langs waters waar daar vrede is,  
sal Hy my veilig lei.*